UITGAWE 11 | JAARGANG 22 | 19 JULIE 2024

# VRY POS

## KONINKRYKSTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk
Vrystaat

# INHOUD


**03 VRYPOS-FOKUS**

VENNOTE IN GETUIENIS
**Afrika-Ekumene** | *Ons susterskerk in Zambië vier 125 jaar van genade*

**04 ARTIKELS**

- ONDERSTEUNING

**Helpmekaar Beursfonds** | *Saam verheug oor legitimasie van NGKA-teologiestudente*

- VENNOTE IN GETUIENIS

**Missie Japan** | *JAPAN - ons geloofsfamilie in die Verre Ooste*

- VENNOTE IN GETUIENIS

**Werkgroep vir Islam** | *Die Molana en Allah in die brandende bos*

- BEDIENINGSBEGELEIDING

**Digitale Bediening Netwerk** | *JST - The Journal of Systematic Theology*

- AFRIKA-EKUMENE

**Nomzamo, Strand** | *Uitbundige vreugde in Nomzamo, Strand oor voltydse leraar*

- ALGEMEEN

**Torings van Hoop** | *Focus on the vulnerable as cold fronts sweep across SA*

05 | **Ons sê "Tot siens" aan Christelle Smith**
07 | **Welkom aan Leon M Foot as Bedienings-begeleier**

**10 VERBI DIVINI MINISTER**

EREDIENS NETWERK
**Martin Laubscher** | *Kyk wie sit op die bank ...*

**11 DIS 'N RING-DING**

**Ring van Bloemfontein-Noord** | *'n Baken van hoop vir armes en middelafhanklikes*

**14 CLARENS HERMITAGE**

**LEIERSKAP Netwerk** | *Bespreek vandag!*

**15 UIT DIE FAKULTEIT**

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Janke Hurter** | *1... 2... 3... Road trip!*

**16 MEDIATEEK**

BOEK EN INVENTARIS
**Ruhan Fourie** | *Christian Nationalism and Anticommunism in Twentieth-Century SA*

**17 EKOLOGIE**

**Plastiekvrye Julie** | *Oordenking en gebed*

**18 VERJAARSDAE**

**19 AKTUEEL ALGEMEEN**

19 | Kerkwees 200: Verlede, hede & toekoms
19 | CLF: Eko-teologie in 'n Afrika konteks
21 | Advertensies

**23 OPLEIDING**

**25 NUUSBRIEWE**
**PUBLIKASIES**
**BROKKIES UIT KERKBODE**

**26 WAT'S NUUS?**
**KALENDER**
**VAKATURES**
**AFLOSLERAARS**

**27 'N LAASTE GEDAGTE**

**Leon M Foot** | *Slaap*

**28 KONTAK ONS**

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Enrico Casaleggio | Henco van der Westhuizen | *SABC News*
Martin Laubscher | Janke Hurter
Leon M Foot | *VrydagNuus*, *Getuienisaksie*, Kaapkerk
*Bybel-Media* | *CLF* | *Kerkbode*
*Bybelgenootskap SA* | *TOIBO*

---

# KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

# DAGBOEK DÍT

*VROUE-RETREAT*
Die Taakspan Vroue-bediening bied aan:
***Deel van God se storie***
9 - 11 Aug | Moolmanshoek

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 2 Augustus**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za





Foto: **Verskaf**

# Ons susterskerk in Zambië vier 125 jaar van genade

## Kuunika M'umdima
## Lig in die duisternis

*Deur Mariëtte Odendaal*

*"Hierdie viering het 'n duidelike boodskap oor die hele wêreld gestuur: Solank as wat die Kerk van Christus gehoorsaam is aan die roeping en mandaat wat ons in Jesus Christus het, sal die eenheid van die Liggaam van Christus al hoe meer sigbaar word."*

***Dr William Zulu, Algemene sekretaris: RCZ***

Gedurende die naweek van 6 tot 8 Julie vanjaar het die vlamme van vreugde hoog gebrand by ons susterskerk in Zambië, die **Reformed Church in Zambia** (RCZ) toe hulle hul 125ste bestaansjaar gevier het.

Maar wat is die storie agter die ontstaan van hierdie besondere susterskerk van ons?

Hoofman Mpezeni was die oudste seun van die Ngoni-leier Zwangendaba, wat in 1835 sy mense uit die hedendaagse KwaZulu-Natal gelei het om van die oorlogsugtige Zoeloekoning Chaka te ontsnap. Die groep het noordwaarts getrek en hulle uiteindelik in Noordoos-Zambië gaan vestig.

Nadat hoofman Mpezeni die NG Kerk-sendingstasie op Mvera in Malawi versoek het om sendelinge na hierdie gedeelte van Zambië te stuur, is die eerste gesante, waaronder die welbekende evangelis Lukasi Chingondo van Mvera, na Noordoos-Zambië gestuur. Aangesien die NG Kerk in die Wes-Kaap nie hierdie nuwe sendingveld kon ondersteun nie, is hoofman Mpezeni se versoek in 1898 na die NG Kerk Vrystaat verwys.

**Lees meer**

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

## ONDERSTEUNING



*Mariëtte Odendaal*

Beursfonds Teologiese Studie

**Saam verheug oor legitimasie van NGKA-teologiestudente** »

## VENNOTE IN GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

Missie Japan

**JAPAN - ons geloofsfamilie in die Verre Ooste** »

## VENNOTE IN GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Die Molana en Allah in die brandende bos** »

## BEDIENINGS-BEGELEIDING

*Prof Henco van der Westhuizen*

Digitale Bediening Netwerk

**JST - The Journal of Systematic Theology**

(Volumes 1 - 3) »

## AFRIKA-EKUMENE



*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

Nomzamo, Strand

**Uitbundige vreugde in Nomzamo, Strand oor voltydse leraar** »

## ALGEMEEN




*Oorgeneem uit SABC News*

Torings van Hoop

***Focus on the vulnerable as cold fronts sweep across SA*** »

# ONS SÊ "TOT SIENS" AAN *Christelle Smith*



Deur **Mariëtte Odendaal**

"Christelle laat 'n groot leemte; die kantoor voel heel van balans af. Sy was 'n ware vriendin vir ons hier in die kantoor. Ons gaan haar regtig baie mis."

So getuig personeellede van die NG Kerk Vrystaat se sinodale kantoor oor Christelle Smith wat onlangs na Gauteng verhuis het nadat haar man, Charl, as tegniese ondersteuningsingenieur by Jaguar Land Rover in Johannesburg aangestel is.

"Sy was altyd vroeg op kantoor, akkuraat in haar werk, altyd behulpsaam," vertel nog 'n paar van haar kollegas in die wandelgange. Hulle praat van haar as die "sagte, vrolike en altyd positiewe mens".

Hierdie kreatiewe vrou wat uitstekende borduur- en naaldwerk doen, veral kruissteek-projekte, geniet dit ook om in die kombuis te bak en brou.

Tydens Christelle se werk by die sinodale kantoor was sy verantwoordelik vir die finansiële administrasie van die sinode vir die afgelope 17 jaar – vanaf 1 Maart 2007 tot 14 Junie 2024.

In hierdie tyd was Christelle verantwoordelik vir die sinode se bankrekonsiliasies, gemeentes se pro ratas en kollektes, die verhuring van die Barend Wessels-meenthuiskompleks en EFT-betalings.



*Foto (verskaf):* ***Christelle Smith***

Ons het meer gaan uitvind.

## Christelle, wat was vir jou aanvanklik die grootste aanpassing in jou pos?

"Dit was om met mense te werk. Ek was altyd 'n baie groot introvert en het nie sommer met vreemde mense gepraat nie. Toe ek dus in hierdie pos met mense moes werk, het dit my gedwing om meer uit te reik na ander; iets wat vir my 'n besondere verryking was."

Lees meer »





mission ミッション missie

JAPAN

**GEDRING DEUR CHRISTUS SE LIEFDE OM BRUGBOUERS TE WEES IN JAPAN**

www.missiejapan.co.za

# NG Kerk Vrystaat verwelkom Missie Japan in Suid Afrika 24 Mei 2024 - 7 September 2024

## 'n Woord van Dank
感謝の一言

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie en die werk in Japan bly ten volle afhanklik van jou ondersteuning. Ons waardeer opreg elkeen se gebede, meelewing en betrokkenheid by ons.

**Ons verkondig nie onsself nie maar, Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus"**

2 Korintiërs 4:5

## Missie Japan Bankbesonderhede
ミッション・ジャパンの銀行口座

**Rekeningnaam | Missie Japan**
**Bank | ABSA**
**Takkode | 632005**
**Rekeningnommer | 4049690248**
**Verwysing | Eie Naam en Van**

## Kontak ons Medewerkers
宣教師へのお問い合わせ

**Stéphan**
jsvdwatt@gmail.com

**Carina**
cvdwatt@gmail.com

**Tobie**
tobiedewet@hotmail.com

**Annalie**
annaliedewet1@gmail.com

mission ミッション missie JAPAN

www.missiejapan.co.za

*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# Welkom aan Leon M Foot as Bedieningsbegeleier

*"Gelukkig ken ek, danksy my jarelange sinodale betrokkenheid, die kerklike strukture baie goed en is alreeds die afgelope twintig jaar betrokke by Bedieningsbegeleiding. Ek ken ook alreeds die personeel in die sinodale kantoor; iets wat my werk aansienlik vergemaklik."* - **Dr Leon M Foot**







As jy deesdae in die Sinodale gebou van die NG Kerk Vrystaat instap, sal jy dr Leon M Foot in die wandelgange daar as die nuwe uitvoerende amptenaar: Bedieningsbegeleiding raakloop.

Hy is aangestel in die plek van ds Barnard Steyn wat vanaf 1 Mei as Predikant in Sinodale Diens (PSD) van die Diensgroep vir Barmhartigheid by die NG Kerk Wes-Kaapland in die plek van dr Nioma Venter begin werk het.

Maar wie is dr Leon M Foot nou eintlik? Ons het meer gaan uitvind.

## Leon, vertel ons meer van jou grootword- en opleidingsjare.

"Ek is 'n gebore Kapenaar wat in die suidelike voorstad Kenwyn grootgeword het. Ek het matriek aan die Hoërskool Zwaanswyk, Retreat voltooi waarna ek in die 1980's my BA, BTh, Lisensiaat in Teologie en MTh in kliniese pastoraat aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het.

Lees meer »

NG Kerk
Vrystaat

*Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld*

# BUITENGEWONE SINODESITTING 2024

## KOPANO NOKENG | BLOEMFONTEIN

REGISTREER HIER »

3 Oktober 2024

die kerkmuise Studio

NG Kerk Vrystaat



**BESPREEK 'N SESSIE**

# POTGOOI | VIDEO
## OPNAME & REDIGERING

***SINODALE** DIENSTE NOU BESKIKBAAR*

- Advertensies
- Inligtingsessies
- *Short reels*
- Nuusflitse
- Potgooi-reekse
- Stemopnames

**NAVRAE | (051) 403 6700**

Celicia | cmclean@ngkvs.co.za • Carlie | carlie@ngkvs.co.za



BEDIENINGSBEGELEIDING



# KYK WIE SIT OP DIE BANK …

*Deur* ***dr Martin Laubscher****, Erediens Netwerk*

"Daar is goed wat mens weet, maar jy weet ook dat jy dit nie wil weet nie, en daarom weet jy dit nie."

Dit is 'n gedagte wat 'n mens goedskiks sou kon toeskryf aan Melissa Steyn, vooraanstaande Suid-Afrikaanse kenner in die studieveld van "Whiteness", en onder meer bekend vir haar beskrywing van die sogenaamde "ignorance contract" wat post-1994 onder talle wit Afrikaans-sprekende mense in Suid-Afrika na vore sou tree. Die vader van die inleidende gedagte is egter die Sloweense filosoof Slavoj Zizek, en dien as een van die talle goeie verwysings in die inleiding van Wahbie Long se *Nation on the couch – Inside South Africa's mind* (Cape Town: Melinda Fergusson Books, 2021).

Ek is spyt ek het Wahbie Long se boek nie al vroeër opgetel en begin lees nie – of ten minste dankbaar dit het nie 'n dag later gebeur nie. Buiten dat dit uitermatig interessant en boeiend geskryf is, is hierdie werk deur 'n jong kliniese sielkundige van Kaapstad een wat liturge en homilete dalk wil nooi om weer na te dink oor wat Sondae in die erediens gebeur (of nie gebeur nie … ).

Nie net slaag Long daarin om die nasie op die bank te kry en diep in ons siel te kyk aangaande talle van die oorweldigende emosies wat ons met tye ervaar nie (vanaf skaamte, nyd en vasgelopenheid tot by hoop), maar hy slaag dalk tog ook daarin om my stellig op die bank te laat sit en wonder oor watter soort van rusbank-ervaring ons Sondae in die eredienste beleef. Word daar dan ook op 'n groter kollektiewe vlak dieper gekyk en verder ingeloer na die welstand en heil van ons siele (as 'n liggaam; 'n groep – gemeente en kerk; deel van 'n nasie)?



***Foto: Dr Martin Laubscher*** *(verskaf)*

**Lees meer »**

# 'N BAKEN VAN HOOP VIR ARMES EN MIDDELAFHANKLIKES

## RING VAN BFN-NOORD

*Deur **Mariëtte Odendaal***




**R***inge in samewerking met **Sinodale Bedieninge***

*"Die NG Kerk De Bloem is 'n semi-middestadgemeente met baie beperkte hulpbronne, maar vele bedieningsmoontlikhede. Uit die aard van die gemeente se samestelling poog ons voortdurend om die gemeente se werksaamhede uit te brei; iets waarmee die sinodale ondersteuning van R30 000 ons finansiële las baie help verlig."*

- ***Ds Jannie Smith***
  *Ringskriba:*
  *Ring van Bloemfontein-Noord*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2023/24-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"'n Wyse persoon het eendag gesê: Moenie iets begin waarmee jy nie kan volhou nie. Wat die Ring van Bloemfontein-Noord betref, is daar verlede jaar by die sinodale bediening Diens van Barmhartigheid ingeskakel; iets waarop ons sedertdien voortbou," vertel ds Jannie Smith, skriba van die Ring van Bloemfontein-Noord en predikant van die NG Kerk De Bloem. Ons het meer gaan uitvind.

**Jannie, vertel vir ons meer van die barmhartigheidsdienste wat deur die De Bloem-gemeente aan jul gemeenskap gelewer word.**

"Die NG Kerk De Bloem is 'n semi-middestadgemeente met baie beperkte hulpbronne, maar vele bedieningsmoontlikhede. Uit die aard van die gemeente se samestelling poog ons voortdurend om die gemeente se werksaamhede uit te brei; iets waarmee die sinodale ondersteuning van R30 000 ons finansiële las baie help verlig het. "Tans lewer ons op 'n weeklikse grondslag dienste soos die verskaffing van kospakkies aan ongeveer 35 gesinne en 150 verstandelik-beperkte lidmate wat in losieshuise in ons omgewing woon.

**Lees meer** »

Ringskommissie werkswinkel
VBO VIR PREDIKANTE

VBO
TAAKSPAN

# neem lees

**2 tot 4**
**September 2024**

**Moolmanshoek** Rosendal-distrik

**BESPREEK VERBLYF** *voor 8 Augustus*
@ **kuratorium@ngkvs.co.za** RSVP

**NAVRAE**

**Ds Cobus Hamman** @ hamman@schoolink.co.za





Aanbieders

LINDIE KOORTS FANIE CRONJÉ

Koerant • Natuur • Bybel

# Deel van God se storie

Vroue Retreat

## Modmanshoek

FICKSBURG

# 9 - 11 AUGUSTUS 2024

*AANBIEDER*

**Magdaleen du Toit**




vb

VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK








PSALM 34:8 "TASTE AND SEE THAT THE LORD IS GOOD; BLESSED IS THE ONE WHO TAKES REFUGE IN HIM."

Clarens HERMITAGE

her·mit·age | 'hər-mə-tij

A place or period of seclusion.

**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

**Bespreek »**

| | |
|---|---|
| **11 - 15** | **AUGUSTUS** |
| **22 - 26** | **SEPTEMBER** |
| **20 - 24** | **OKTOBER** |
| **24 - 28** | **NOVEMBER** |

BEDIENINGSBEGELEIDING

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# 1... 2... 3... Road trip!

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Ds Janke Hurter**
*Jeugleraar van NG Gemeente Berg-en-Dal*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State / Universiteit van die Vrystaat / Yunivesithi ya Freistata | UFS Theology and Religion

## Op reis saam met ... Wat behels my studie?

Ek is tans die jeugleraar by NG Berg-en-Dal waar ek saam met twee ander kollegas die gemeente bedien. Ek is hoofsaaklik verantwoordelik vir die Jeugbediening van die gemeente. Terselfdertyd is ek ook besig met nagraadse studie aan die Universiteit van die Vrystaat. My navorsing val onder Praktiese Teologie (Liturgie). Met my studie beoog ek om op reis te gaan (metafories gesproke) saam met vier passasiers wat my baie interesseer, naamlik: Kontemplatiewe spiritualiteit, gereformeerde aanbidding, liturgiese vernuwing en geloofsvorming. Met hierdie reis wil ek ontdek hoe die vier passasiers met mekaar verband hou (ek kyk na sowel die kreatiewe as dekonstruktiewe spanninge wat tussen hierdie vier konsepte bestaan), en of daar 'n oomblik op hierdie reis is waar al vier passasiers uit een mond praat; 'n oomblik waar die vier verskillende landskappe met mekaar oorvleuel. (Die saak waaroor dit in hierdie studie gaan, kom uit 'n persoonlike worsteling met die vraag, wat spruit uit my eie ervaring en reis met hierdie vier konsepte tot op hede.) Deur middel van reflekterende joernaalinskrywings – waarin ek dele van my eie reis met elkeen van hierdie konsepte probeer verwoord – wil ek antwoorde probeer bied op hierdie belangrike vraag. My hoop is dat 'n beskrywing van my eie reis saam met hierdie vier passasiers ook sal help om gewaarwordinge wat in die groter (kerklike en akademiese en sosiale) publiek sigbaar is, beter te verstaan.

## Om padlangs te (leer) bedien: Die waarde van nagraadse studie vir 'n gemeente-dominee

In hierdie stadium hang die waarde van nagraadse studie vir my saam met die feit dat 'n persoonlike vraag waarmee ek as individu self worstel, die sentrale fokus van die studie vorm. (Die vier kernkonsepte van die navorsing verklap ook iets van my eie bedieningsvoorkeure).

In my geval, waar die persoonlike vraag oor die verband tussen die vier konsepte kontemplatiewe spiritualiteit, gereformeerde aanbidding, liturgiese vernuwing en geloofsvorming gaan, vorm die nagraadse studie vir my 'n instrument om my bediening en my eie aanslag tot bediening (my eie voorkeur ten opsigte van die wyse waarop ek my bediening wil inrig en aanpak) verder te ontsluit.

Lees meer »


# Christian Nationalism and Anticommunism


## *in Twentieth-Century South Africa*

**Dr Ruhan Fourie (Writer)**

*ENGLISH / PAPERBACK / ACADEMIC & THEOLOGY, BOOKS*

***Christian Nationalism and Anticommunism in Twentieth-Century South Africa*** *is based on original research done by Dr Ruhan Fourie. It explores the intricate relationship between Afrikaner anticommunism and the Dutch Reformed Church (DRC) in South Africa during the twentieth century. It examines how anticommunism among ordinary Afrikaners was shaped not just by global politics but by the DRC's profound influence on their daily lives and beliefs. The text reveals the DRC's crucial role in legitimising the opposition to and suppression of perceived communist threats, including black dissent, thereby embedding a persistent fear of communism within the Afrikaner community. The church's influence also made it a fertile ground for right-wing opportunists to gain political clout, a dynamic thoroughly examined in this monograph. Ultimately, the book concludes that anticommunism functioned as a vehicle for nationalist unity (and uniformity), a paradigm for Afrikaner identity, and a legitimiser of the Afrikaner's perception of its imagined moral high ground throughout the twentieth century. We believe this book is a valuable resource for the Church, academia, and the general public, and we acknowledge the significance of this contribution to understanding our past as we look toward the future.*




CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

***Oorgeneem uit***
*shop.clf.co.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**




*Deur* ***Getuienisaksie se Groenspan, Kaapkerk***

Deur die maand Julie neem ons voorraad van al die plastiek wat ons gebruik. Alhoewel die fokus hoofsaaklik op enkelgebruik-plastiek is, gebruik ons elke dag plastiek op verskeie maniere.

Laat ons dus tydens vanjaar se Plastiekvrye Julie ’n oomblik stilstaan om na te dink oor al die klein besluite wat ons elke dag neem. Oorweeg hoe daardie keuses ’n groot impak buite ons eie lewens het.

Gebruik gerus hierdie oordenking en gebed tydens die erediens.

Lees meer daaroor HIERONDER.

GETUIENISAKSIE
Eenheidsbediening
•VGKSA Streeksinode Kaapland
•NG Kerk in Suid-Afrika
•Reformed Church in Africa

Lees hier »

# VERJAARSDAE



VEELS geluk

NG Kerk Vrystaat

## JULIE

**24** Ds Eddie Botha
LEEUWBERG

**28** Dr Juppi Steurer
SASOLBURG-FONTEIN

**29** Ds André van Staden
FICHARDTKRUIN

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**




# KERKWEES 200: Verlede, hede en toekoms

## KONFERENSIE

Uitnodiging tot
**Akademiese Bydraes**

Die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om 'n voorstel in te dien vir 'n akademiese bydrae tydens 'n konferensie wat op 5 en 6 November 2024 in Pretoria plaasvind.

Die konferensie is deel van die landswye en ekumeniese herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering wat 200 jaar gelede, vanaf 2 November 1824, in Kaapstad sitting geneem het.




## KAAPSCHE KERK

Uitnodiging tot
**Konferensie Voordragte**

U word vriendelik uitgenooi om voorleggings te maak om 'n referaat te lewer tydens die konferensie ter herdenking van die eerste sinodesitting van die Kaapsche Kerk op 2 November 1824.

Stuur 'n kort opsomming van 300 woorde oor u beoogde referaat en u verkorte CV voor 15 Julie 2024 na argief@kaapkerk.co.za.

Suksesvolle voorleggers sal teen 31 Julie terugvoer ontvang.




## EKO-TEOLOGIE
**in 'n Afrika konteks**

CLF (in samewerking met Clairvaux Skrywers-huis en NetACT) beplan 'n boekprojek wat fokus op ekoteologie vanuit 'n Afrika-perspektief. Ons nooi gemeentes en organisasies, asook individue uit ander dissiplines uit om hul stories en/of navorsing te deel.



DIACONIA
GEE VAN JOUSELF | BE A GIVER | YIBA NGUMPHI

WINTER

MES
Changing the heart of the city!

RESPOND

JOU BYDRAE MAAK 'N VERSKIL!

# RAMPHULP VIR VLOEDE

Kaapse stormweer laat menige informele woonplekke enkeldiep in waterpoele.

Diaconia Ramphulp vat hande met Respond, Great Commission, MES en Winterhoop om dringende nood te help verlig.

**Diaconia**
**Nedbank**
**Reknr: 1135900337**
**Takkode: 198765**
**Verwysing: Stormweer**

**MAAK 'N DONASIE**

SKENKINGS VAN KOMBERSE, MUSSE EN WARM KLERE IS OOK WELKOM:

**11 PASTORIESTRAAT, BELLVILLE, 7530**

Vir meer inligting: diaconia@kaapkerk.co.za



Klik hier »



Klik hier »




Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »




Klik hier »



Klik hier »

# Boundless Grace

## A Conversation between Cas Wepener and Chris van der Merwe







# GRENSELOSE GENADE

## 'N MODERNE GELOOFSBELYDENIS

Luister gerus na hierdie gesprek wat Cas Wepener met Chris van der Merwe oor sy nuwe boek, *Boundless Grace* (Lapa, 2024) voer. Dit is ook in Afrikaans beskikbaar as *Grenselose genade - 'n Moderne geloofsbelydenis.*

Genade en geregtigheid blyk mekaar in die Nuwe Testament teë te staan, met die evangelie tussen-in as een of ander bemiddelaar of skeidsregter. Of is hulle? In hierdie boek onthul Chris van der Merwe hoe dié twee konsepte die deure van begrip tot die hart van die evangelie kan oopmaak.


Grenselose genade spreek dus moeilike vrae en dringende geloofsake aan, terwyl dit steeds die uiteindelike waarheid en boodskap van die evangelie van Jesus handhaaf.

Sien verder HIER die gesprek tussen Cas en Chris op litnet, waar Cas se nuwe boek *Die heiligheid van hier* ook bespreek word.

*Predikante, indien jy die video gekyk het of die boek gelees het, stuur 'n e-pos aan Bridget Leibbrandt (**bleibbrandt@sun.ac.za**) sodat VBO-punte vir jou gelaai kan word.*



# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## BEDIENINGS-DIAGNOSE WERKSWINKEL

29 - 31 Julie

20 VBO-punte

Sluit: 26 Julie
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +





## BRUGBEDIENING UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

29 Jul - 1 Aug

70 VBO-punte

Week 1
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +





## SURRENDER: 'N TEOLOGIESE KYK NA U2-MUSIEK

6 - 7 Augustus

Video - Klik hier

Andrew Murray
Sentrum vir
Spiritualiteit

Lees meer +
**Registreer** +




## EMOSIONEEL VERWONDE PA'S EN HUL KINDERS


20 Augustus

5 VBO-punte

Zoom aanbieding
Prof Wentzel
Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## LENTE-KONFERENSIE 2024

17 - 19 September

30 VBO-punte

*Lig soos 'n veer op die Asem van God ...*

Lees meer +

**Registreer** +




## TASTE AND SEE THAT THE LORD IS GOOD

2 - 3 Oktober

Interaktief

Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit

Lees meer +

**Registreer** +




## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +

**Registreer** +




## EXCELSUS JAARPROGRAM 2024

2024

VBO-punte

Teken die verskillende kursusse aan

Lees meer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



## BROKKIES UIT kerkbode

**Gemeenskap staan mooi saam, sê dominee op 'eilanddorp' omring met vloedwaters**
*Kerkbode / 17 Julie 2024 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

**Kerk wat werk-reeks: 'Ons glo projekte moet onafhanklik word' | Fokus op NG Kerk Pongola in KZN**
*Kerkbode / 15 Julie 2024 / Artikels*
*Le Roux Schoeman*

**Gemeentes: Só kan jy jong entrepreneurs uit townships as 'n Nelson nomineer**
*Kerkbode / 14 Julie 2024 / Nuus*

**Kerk wat werk-reeks: 'Dit leer vloedramp ons' – leraar van Oos-Kaapse gemeente wat 150 mense huisves**
*Kerkbode / 26 Junie 2024 / Artikels*
*Heléne Meissenheimer*

**Twee Vrystaters hardloop Comrades vir Bybels, seniors**
*Kerkbode / 13 Junie 2024 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

ELDERS GESIEN
**In memoriam: Tot siens, oom David**
*Kerkbode / 12 Junie 2024 / Nuus*

BM Bybel-Media

**Publikasie**
*Facilitating God's preferred future*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

BM Bybel-Media

**Publikasie**
*Ons is nou hiér*
*(Die derde druk)*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

BM Bybel-Media

**Publikasie**
*Soos 'n blom na die son draai*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

**BEVESTIGING** | Op Sondag 9 Junie tydens 'n erediens by die NG Gemeente Hugenoot in Bloemfontein is erkenning verleen aan die ampsbevoegdheid van **dr Nina Müller van Velden** as gekoppelde leraar aan die NG Gemeente Hugenoot asook akkreditasie as teologiese dosent aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar man, **ds Wouter van Velden**, is by dieselfde erediens bevestig as medeleraar van die gemeente en het ook sy intreepreek gelewer. **Dr Charles Mitchell** is beroep na NG Gemeente Aandbloem, Bloemfontein. Hy is op 30 Junie tydens die erediens deur ds Christo Louw, leraar van Aandbloem-gemeente, bevestig as medeleraar van die gemeente in 'n vaste pos. **EMERITAAT** | **Ds Carl Schiel** van die NG Gemeente Deneysville het op 30 Junie 2024 emeriteer. Hy gaan as tentmakerleraar by die gemeente betrokke bly. **Ds Dirk du Preez** neem oor as voltydse hulpleraar vanaf 1 Julie 2024. **Prof Francois Tolmie** van die Departement Ou- en Nuwe Testamentiese Studies aan die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Vrystaat het op Sondag 9 Junie tydens 'n erediens by die NG Gemeente Hugenoot in Bloemfontein sy Akte van Demissie by emeritaat ontvang.

# Slaap

***Deur dr Leon M Foot***
*Uitvoerende Amptenaar van Bedieningsbegeleiding en Skriba van die Moderamen*



**Foto:** *Dr Leon M Foot (verskaf)*

9 ***"In vrede kan ek gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want net U Here, laat my veilig woon."***

\- PSALM 4:9 AFR20

Hoe slaap jy? Is jy dalk een van die vier miljoen Suid-Afrikaners wat nie genoeg slaap nie? Asof hierdie syfer nie al erg genoeg is nie, ly ongeveer 20% van ons aan slaap-apnee. As ons ons vrouens sou vra, slaap hulle dikwels ook sleg, omdat ons blykbaar (ongetoetste bewering!) snork.

*"... volgens Psalm 121 slaap **Hy wat jou beskerm**, nooit nie."*

Die ergste is egter wanneer jy in die nag rondrol en jou bekommer oor iets wat vroeër die dag gebeur het, of wat vir jou voorlê. Daar is niks wat jou jou nagrus so ontneem as kommer nie. Sommige mense is gelukkig omdat dit selde met hulle gebeur; vir ander is dit 'n daaglikse (nagtelike) ervaring. Dalk is dit 'n uitdagende situasie, of 'n groot besluit wat jou laat rondrol, of jou kinders, of jou werk. Die moontlikhede is eindeloos.

Die ou mense het gesê jy moet skape tel as jy nie kan slaap nie. Dalk sal hierdie eentonige handeling jou so verveel dat jy onwillekeurig aan die slaap raak. Ander sê weer jy moet met die Skaapwagter praat as jy nie kan slaap nie. Dit kan ons doen, want volgens Psalm 121 slaap *Hy wat jou beskerm*, nooit nie. Daarom kan ons ons probleme, uitdagings, vrae, worsteling vir Hom gee. Ons sing mos: *Ewig oor ons kleine kommer waak Gods goedertierenheid* (Liedboek 203:4).

Die Psalmskrywers verwoord dit mooi. In Psalm 4 vers 9 lees ons: *In vrede kan ek gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want net U Here, laat my veilig woon.*

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za


Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING